

# “DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 20 - nr. 20.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

24 Mei 2020

## ELEKTRONIESE UITSENDING (9): Dr. Petrus Venter

### Eerste erediens

#### LITURGIESE GEGEWENS

**Preektema:** En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal:  
Waak! (Profetiese Rede Slot)

**Skriflesing:** Markus 13: 33-37

Teks: **Markus 13:37**

**SING VOORAF: Sb 1-1 (24): 1,7**

**TYDENS EREDIENS: Ps. 123:1,2; Ps.65:1,2;**

**Sb. 18-7 (45): 1,3,12**

#### Preekskets:

Ek moet elke dag só die toekoms wil ingaan asof dit vandag die laaste dag kan wees. Ons sien die toekoms dan nie as 'n wêreldnag nie, maar as die dagbreek van 'n nuwe môre wat ons baie opgewonde moet maak, al is daar baie swaar dinge wat ook op ons pad kan kom.

Laat ons vandag die Profetiese Rede se einde met die volgende drie gedagtes, dalk ook besondere vrae na ons kant bring.

Eerstens, hoe moet ek die huidige tekens en tye wat ons nou beleef en mag sien aan die toekoms verbind. In die tweede plek - hoe moet ek die onbekende van die toekoms sien en hanteer.

Laastens, is dit regtig alles onbekend of is daar ook dit wat waarlik bekend moet wees.

Die erediens is Sondag-oggend 24 Mei. 2020 vanaf 7h00 op die YouTube kanaal beskikbaar. Ons sal dit ook op ander platforms laai. Die Video-link is <https://bit.ly/2LRSICf>

Klankopname sal ook DV Sondag in gemeente en op ons groep "Die Woord verby die duine" via WhatsApp uitgestuur word.

### Tweede erediens

#### LEERPREDIKING (Sondag 5)

**Preektema:** Ons soeke na 'n Middelaar begin op besondere wyse

**Skriflesing:** Mattheus 7:1-14

Teks: Mattheus 7:7b

**SING: Ps. 146:1,8**

Die erediens is Sondag-middag 24 Mei 2020 vanaf 15h00 op die YouTube kanaal beskikbaar. Ons sal dit ook op ander platforms laai. Die Video-link is <https://bit.ly/2XoQSIR>

Klankopname sal ook DV Sondagmiddag in gemeente en op ons groep "Die Woord verby die duine" via WhatsApp uitgestuur word.

#### BEROEP AANVAAR

**dr. VE d'Assonville**

Dr. Victor d'Assonville het die roeping na Postmasburg opgevolg. Sy brief en volledige antwoord kan op ons webwerf gelees word. Die skakel daarheen is <https://bit.ly/3cglVNI>

#### DR. VE d'ASSONVILLE SE MOONTLIKE BEVESTIGING

Die bevestiging van dr. D'Assonville het ons voorlopig afgespreek dat ons kyk na die naweek van 6-7 Junie 2020. Voorlopig oorweeg ons om dan Saterdag 6 Junie hom te bevestig en hy dan Sondag 7 Junie sy intreepreek lewer. Dit alles is weereens voorlopige beplanning wat alles afhang van die inperking-bepalings op daardie stadium.

#### NAGMAAL

In die lig van die pandemie en die grendel-staat waarin ons verkeer, is die Nagmaal ook onbepaald uitgestel.

## KOLLEKTES – Tyd van inperking -Covid 19- Virus

### Vandag:

In die banke:


By die deure:

### Sondag:

- In die banke:

By die deure:

***U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...***



## WYK – DIENSBEURT (Tyd van inperking- Covid 19-Virus)

Vandag –

- Ouderling:

- Diaken:

- Wyksusters:

Volgende week –

- Ouderling:

- Diaken:

- Wyksusters:

## MEELEWING

- Oudl. Jan Schoeman is die afgelope week Maandag na Bloemfontein oorgeplaas na 'n Step-Down vir verdere versorging en rehabilitasie. Ons is dankbaar vir die verwickeling en ons gebede is dat hy daar geseënd mag wees en so mag aansterk soos dit vir hom en sy geliefdes goed sal wees.
- Sr Nelize Boshoff se dogter Miné het afgelope tyd 'n blindederm-operasie moes ondergaan. Ons is dankbaar daar is betyds ingegryp en ons vertrou sy ook spoedig volkome mag herstel.
- Diak. Ferdie Nel se pa wie se gesondheid met tye groot terugslae beleef is ook in ons gebede.

## VERJAARSDAE

Maandag	25 Mei	Annatjie Swiegers
Maandag	25 Mei	Bianca van Heerden
Dinsdag	26 Mei	Wikus van der Walt
Woensdag	27 Mei	Engela Steyn (Viljoen)
Woensdag	27 Mei	Maria van Heerden
Donderdag	28 Mei	Carien Coetzee
Saterdag	30 Mei	Magdalena Schoeman

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

## GROENWATER-NUUS

Die tyd van inperking sal daar geen eredienste mag plaasvind nie ...

## ALGEMENE KERKNUUS

### GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

Ons het nie hierdie week nuwe Nuusbrokkies ontvang nie

BEROEP ONTVANG: Ds DJ Malan (Danie) van GK Uitschot na GK Daspoort

BEROEP AANVAAR: Dr. VE (Victor)d'Assonville as medeleraar na GK Postmasburg met sendingopdrag KO Artikel 7 om in Duitsland verder te arbei

## DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan.

## KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

**In die Covis-19 tyd geen kerklike kategese nie.**

**Ons versoek wel die ouers om waar al die werk aan hulle beskikbaar is op ons webwerf dat hulle met hulle kinders die werk sal behandel en dat die katkisasie gewoon voortgaan. U kan dit alles by bogenoemde skakel aflaai. Ook die Psalmsang wat ons poog elke weksoggend deur te gee bied ook geleentheid dat die kinders ook die Psalms hoor en kan die inhoud daarvan met hulle gedeel en verduidelik word. Ons wil graag deur die Psalms hiermee gaan.**

## KERKKANTOOR

Kerkkantoor is in die tyd van inperking gesluit. U kan wel vir sr Koos rondom administrasie en finansies op haar selfoon kontak by 082 821 2736. Haar e-pos aan huis is [admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za) As daar reëlings getref moet word vir inbetalings by die Kerkkantoor versoek ons dat u haar kontak om dit te finaliseer.

## DORKAS- SUSTERS

## BYBELSTUDIE

In die tyd van inperking sal daar nie Bybelstudie wees nie. Daar word wel studies/oordenkings op YouTube gelaai.

## DOPPER KOMBUIS

## GEMEENTEKAMP

Die gemeente-kamp moes vanweë die inperking in die Covis-19 tyd gekanselleer word.

## ALMANAK 2020

## KALENDER (JAARBEPANNING) IN ELEKTRONIESE FORMAAT

As u graag u dagboek in elektroniese formaat op u selfoon wil plaas kan u op ons webwerf die toepassing en beplanning aflaai wat dit deur *Microsoft Outlook* vir u moontlik maak. Die inligting is gestoor op die Tuisblad onder die lêertjie <https://bit.ly/2W9sNWb> U kan bloot die lêertjie as aanhangsel in 'n epos vir uself aanstuur. As u dan die lêer vanuit u epos oopmaak het u die funksie om dit in u elektroniese kalender af te laai en dan het u al die belangrike datums in u kalender ook afgelaai.

## GLOMedia TV

Die GKSA en die NHK het saam ons eie TV-platform geskep om goeie Christelike programme op professionele TV standaard te vervaardig. Hoewel die vervaardiging eers vanjaar begin het, is baie ure en baie soorte programme vir jonk en oud reeds beskikbaar. Programme word weekliks bygevoeg.

Ondersteun die inisiatief deur na [www.glomedia.tv](http://www.glomedia.tv) te gaan en aan te sluit.

## PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND)

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za> . Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

## HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Gedurende die tyd van inperking mag daar geen normale huisbesoeke plaasvind nie. As daar baie dringend met predikant geskakel moet word en daar 'n krisis bestaan dat hy u moet besoek, kontak hom dat die nodige reëlings en toestemming dan verkry kan word.

## ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

## KERKRAADSAKE

### VERGADERINGS:

Die datum vir volgende vergadering sal later bepaal word. Ons het ooreengekom om in die tyd van inperking wel een maal per maand 'n Zoom vergadering te hou. Ons sal vooraf met mekaar afspreek.

## KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: [admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za)

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 (Tans buite werking)

Kerkkantoor ure: (Tans gesluit)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster	Br. Louis Calitz	083 775 3058	076 147 6772
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

**Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:**

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>


<http://bit.ly/2Ydk7wK>

## STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	
Bydrae: Sustentasië GKSA	
Bydrae: Diens van Barmhartigheid	

## GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016



Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na [admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za)